



RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

**UIT DIE HOOF SE KANTOOR:
GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!**

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



**LAASTE UITGAWE VIR
KWARTAAL 3 VAN 2026**



Kwartaal 3 van 2026 is suksesvol afgehandel en die **skole sluit** op **Woensdag 23 September 2026** vir die kort Oktobervakansie.

Skole **heropen** weer op **Dinsdag 6 Oktober 2026**. Let daarop dat daar **geen skool** is op die dag wat die skole sluit nie naamlik **23 September 2026**. Leerders haal slegs rapporte af by hulle registerklasse tussen **07:00 en 08:00**.

Geen rapporte beskikbaar in die voorportaal nie, slegs by registerklasse.





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD



Kwartaal 3 is jaarliks 'n baie besige kwartaal veral op buitemuurse gebied. Op kultuurgebied het ons kore uitstekend gevaar terwyl 2 spreekkore itemwenners was. Verskeie spanredenaars en debatspanne het ook deurgedring na die volgende rondtes. Op sportgebied het ons verskeie spanne wat deurgedring na die uitspele toe naamlik hokkie, krieket en tennis. By die dogters hokkie het al die moontlike spanne deurgedring na die uitspele naamlik O/11, O/12 en O/13. Op landloopgebied het verskeie Rynies deurgedring na die Gauteng kampioenskappe.

Die RGT optredes is verlede week afgehandel. Weereens was dit 'n reuse sukses en die talent onder die deelnemers was ongelooflik! Baie geluk aan al die wenners, maar eintlik was al die deelnemers in ons oë wenners. Spesiale dank aan die organiseerders/afrigters Juf. Chanté en Juf. Verochka asook Juf. Jariska vir die afrigting van die agtergrond dansers. Dankie ook aan al die personeel wat op die aande aan diens was.



Ons kan dus met dankbaarheid terugkyk op die kwartaal wat ons weer hoop vir die toekoms gee. Ons hoop die Rynies geniet die kort vakansie en rus lekker vir die uitdagings van die 4de kwartaal wat voorlê.



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

LANDLOOP

Baie geluk aan al ons dapper atlete wat aan die Gauteng Landloopkampioenskappe deelgeneem het! 🏃 🏃

Julle moed, deursettingsvermoë en harde werk maak ons trots! ✨





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

HOKKIE

LAERSKOOl RYNFIELD

HOKKIE

**Baie sterkte aan ons
O/11, O/12 & O/13
dogters hokkiespanne
wat die week
deelneem aan die
Oos-Gauteng
Kampioenskappe!**



RYNIENUUS

LAERSKOOOL RYNFIELD



ATLETIEK

ATLETIEK
UITDUNNE

MAANDAG	DINSdag
21 SEPTEMBER	22 SEPTEMBER
BAANITEMS (Gr. 1 - Gr. 6)	VELDITEMS EN MIDDELAfstANDE (Gr. 3 - Gr. 6)

Alle uitdunne vind plaas in skooltyd vanaf **08:00 - 13:50.**

Rynies ❤️ | RESPEK | SAMEWERKING | DEURSETTING | UITNEMENDHEID



RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



RYNIES GOT TALENT



RGT 2026 RESULTATE

★ 1STE PLEK ★
ANNABELLE SONNEMANN

★ 2DE PLEK ★
NICOLENE DU PLESSIS

★ 3DE PLEK ★
CARA-LYNN MYBURGH

★ FAN FAVOURITE ★
DIE SWEMMERS





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

WISKUNDE-OLIMPIADE

BAIE GELUK, NICO! 🏆

Baie geluk aan Nico van der Westhuizen in Graad 7 met 'n besonderse prestasie!

Nico het onlangs aan die Provinsiale Wiskunde-olimpiade deelgeneem en 'n indrukwekkende 8ste plek in Gauteng behaal.

Dit is 'n uitstekende prestasie en ons is ongelooflik trots op hom! 🎉

Hou aan woeker met jou wiskundige talente, Nico – ons sien uit na nog groot prestasies!





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

22 SEPT

TYD: 17:30 - 20:30

LAERSKOOl RYNFIELD

SENIOR HOP

HAWAIIAN TEMA

R75 PER LEERDER

Sluit 'n FOOTLONG COMBO in!

- Footlong
- 300ml Coke
- Pakkie chips

Bring sakgeld vir photobooth en stalletjies!

Sien jou daar!

MUSIEK
MAKIETIES
VRIENDE
PRET
GOEIE VIBES

SON
VRIENDE
MUSIEK
MAKIETIES
GOEIE VIBES

Aloha Rynies!

Sluit die kwartaal vir oulaas goed af met 'n heerlike makietie saam jou vriende!

SON
VRIENDE
MUSIEK
MAKIETIES
GOEIE VIBES



RYNIENUUS



LAERSKOO RYNFIELD

KOOR



KUNSWEDSTRYD

Hier is nog 'n paar spogfoto's.





RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

2027 REDENAARS: TEMAS BEKEND!

Die nuwe temas vir 2027 is hier!

- **Afrikaans en Engels individueel:** Gebruik die vasgestelde temas.
- **Engels en Spanne:** Het ook die opsie om 'n eie keuse tema te gebruik.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



INTERSKOLE NASIONALE RONDTE

Die tyd is uiteindelik hier! Ons wens al ons Redenaars sterkte toe vir dié komende Saterdag waar hul by **WITS** teen sprekers van reg oor **SA** gaan deelneem. Julle gaan skitter Rynies!



Onthou asb. om seker te maak julle kom by Juffrou Coffey of Juffrou Barbara uit vir laaste afronding en oefening voor Saterdag.



RYNIENUUS



LAERSKOOLO RYNFIELD

DEBAT

Ons is ongelooflik trots op ons **drie debatspanne** wat die eerste week van die vakansie by Tulbagh Montpellier Wynlandgoed in die Wes-Kaap deelneem – mag julle woorde insig en wysheid dra en jul met selfvertroue debatteer.



KULTUURSERTIFIKATE

Dankie aan al ons ouers wat afskrifte gestuur het. Indien u nog nie u kind se kultuurprestasies ingehandig het nie, stuur asseblief na Juffrou Coffey toe so gou as moontlik.

Kulturgroete.
Juf, Coffey



Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



GRAAD 1 - PLANTE

Ons Graad 1's het ons hande vuil gemaak! Ons het elkeen ons eie plantjie geplant. Hierdie praktiese buite-klas-aktiwiteit het vir ons leerders 'n eerstehandse kans gebied om te leer waaruit 'n plant bestaan – van wortel tot blom – terwyl hulle self geplant en gemors het. 'n Wonderlike manier om Natuurwetenskappe tasbaar te maak!

Wat het ons geplant? 'n Gesiggie
Groeiplek: Son tot half-skadu
Nie eetbaar nie – Net vir kyk en geniet!



Die Graad 1 kinders het baie pret gehad terwyl hulle meer oor plante en wat plante nodig het om te groei, geleer het.

Met groot opgewondenheid het hulle hul ertjie-saadjes geplant en geleer dat plante water, sonlig, lug en liefdevolle versorging nodig het om te groei.

Onthou om hulle in die son te sit en gereeld water te gee!





RYNIENUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

SNOEPIE SPYSKAART

Maandag, 21 September	Bacon, egg & cheese wraps
Dinsdag, 22 September	Pasteie + Toasted mince
Woensdag, 23 September	SKOOL SLUIT! Snoepie toe
Donderdag, 24 September	VAKANSIEDAG
Vrydag, 25 September	SKOLEVAKANSIEDAG



NASKOOL

LAERSKOO RYNFIELD



VAKANSIEREËLINGS

- Die skool sluit Woensdag, 23 September 2026. Leerders gaan slegs rapporte afhaal, dus is die naskool reeds oop vanaf **07:00** en sluit **17:30**.
- Donderdag, 24 September 2026 is 'n publieke vakansiedag en die naskool is dus gesluit.
- Vrydag, 25 September 2026 word beskou as 'n skolevakansiedag, dus is die naskool gesluit.
- Die naskool is oop vir die vakansie vanaf Maandag, 28 September - Maandag, 5 Oktober vanaf 07:00 - 17:30.
- Ontbyt, middagete en 'n vrug + sap sal daaglik bedien word.
- U is welkom om 'n ekstra peuselhappie saam te stuur of 'n sakgeldjie vir die snoepie wat op 'n bepaalde tyd daaglik sal oop wees.
- Dagbesoeke is welkom (slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Rynfield, wat nie by die naskool ingeskryf is nie) teen R100/dag per leerder.
- Leerders is welkom om hul eie speelgoed, fietse, rolskaatse ens. saam te bring. Merk alles asseblief duidelik (geen fone/tablette).

L.W. leerders aanvaar self verantwoordelikheid vir enige items wat hulle naskool toe bring.

FINANSIES

State is uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.



NASKOOL SPYSKAART

DATUM	ETE	15:45 - 16:00
Maandag, 21 September	"Russians" & kapokaartappels	Vrug & sap
Dinsdag, 22 September	Pastagereg	Vrug & sap
Woensdag, 23 September	Kellogs Corn Flakes (ontbyt) Slaptjip-rolletjies (middagete)	Vrug + sap
Donderdag, 24 September	ERFENISDAG	
Vrydag, 25 September	NASKOOL GESLUIT	



TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

Onthou die
datum

Kunsuitstalling
(Graad 1-7)



23 Oktober



16:00-18:00



LAERSKOOL RYNFIELD

www.rynfieldlaerskool.co.za



ADVERTENSIES

LAERSKOOI RYNFIELD



RATEL

ATLETIEKKLUB

Hardloop • Gooi • Spring • Groei

NALLOPE

MIDDELAFTANDE

GEWIGSTOOT

DISKUS

VERSFRING

HOOGSPRING

SPIESGOOI

HEKKIES

Tye:
Maandae &
Woensdae
15:30 - 16:30

Plek:
Laerskool
Rynfield

Kostes:
R400 per maand
per atleet

Meer oor Mnr Richard:

ASA Vlak 1

Lid van die Ekurhuleni
Suid Atletiek komitee

Lid van Benoni
Atletiek komitee.

Vele Atlete opgelewer by Gauteng kampioenskappe asook SA's.

“ Ek was self 'n Junior SA-atleet en het 'n groot liefde vir atletiek. Ek geniet om my passie met atlete te deel. Dit is 'n voorreg vir my om te sien hoe atlete ontwikkel en verbeter in die sport. ”

KONTAK MNR RICHARD:
084 696 5195



ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



Tegnologie is wonderlik, maar slimfone in kinderhande stel hulle bloot aan dieplop video's, KI metgeselle, kuberboelies en verslawende toeps.

N.G. Gemeente Jubilaté nooi graag alle ouers uit na 'n **GRATIS** aanbieding deur **Estée Cockroft** op **7 Oktober** om **19:00** te **Reaperstraat 5, Farrarmere, Benoni**.

Sy gaan onder andere gesels oor verantwoordelike KI gebruik, die belangrikheid van 'n gesonde media balans en kuberboelies op die diep, donker web. Word bemagtig en maak jou kind **SKERMSLIM**!

Die praatjie is ongelukkig nie geskik vir kinders nie, toesig sal vir hulle voorsien word. Die boek Skermslim (wat spesiaal vir kinders, op hul vlak geskryf is) sal te koop aangebied word.



ADVERTENSIES

LAERSKOOOL RYNFIELD



Padel
AT JEANY'S

School Kids Play Free

This School Holiday

Mon - Fri | 10:00am - 4:00pm

T's & C's apply

Book now on Playtomic

KIDS PLAY FREE!

Jeany's Coffee Shop, 96 Pretoria Road, Rynfield, Benoni